

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal-Wes
14 September 1975

Onderwerp: Job

Lees: Job 28 verse 20 tot 28
Job 42 verse 1 tot 8 en 10 tot 13
Romeine 11 verse 33 tot 36

Teks: Job 28 vers 23
Romeine 11 verse 33 tot 36

Sing: Psalm 84 vers 1
Gesang 67 vers 5
Gesang 58 vers 8

“Die boek Job is letterlik ’n gedig. Tennyson het dit getipeer as die grootste gedig van antieke en moderne tye.

“Maar, Broers en Susters, die boek Job is nie geskryf om ’n pragtige stuk poësie of letterkunde te wees nie. Die boek Job is die mees verhewe gedig van alle tye juis vanweë die besondere inhoud. Hier word soos min nagespeur oor die dringendste vrae van die mens, oor die probleme waarmee elke menslike geslag gekonfronteer word: die misterie van lyding, die bestaan van God en die oorwinning deur geloof alleen.

“Met dit in gedagte moet ons vanmôre ’n wyle stil word voor God en luister wat Hy vir ons in hierdie boek tot troos en bemoediging wil sê. Wat God aan Job te sê gehad het, is aktueel ook vir jou en my vir die pad vorentoe.

“Die gesprek tussen Job en sy vriende het in hoofstuk 28 tot ’n skaakmat situasie gekom. Albei partye was totaal oortuig van hul eie standpunte.

“Die vriende se diagnose was dat Job se ellende en beproewing weens sy sonde was. Hy moes sy sonde bely om genesing te ontvang. Dit was volgens hulle die oplossing vir sy lyding.

“Job, aan die anderkant, het met vaste geloof aanvaar dat wat oor hom gekom het, nie God se straf was nie, maar die beskikking van die alwyse en alsiende God.

“Die resultaat hiervan was ’n ondraaglike stilte tussen die twee partye, wat net deur ’n skeidsregter van buite beslis kon word.

“Hoofstuk 28 handel oor die wysheid, met die duidelike verstandhouding dat niemand daarvoor beskik nie: ‘God weet die weg daarheen, en Hý [alleen] ken die woonplek daarvan.’ (Job 28:23) Net God kan die antwoord bied op al hierdie vrae.

“Toe verskyn Elíhu op die toneel, wat deur sommige beskou word as God se advokaat, óf iemand soos Johannes die Doper, wat die weg vir God se antwoord moes voorberei. Hoe dit ook al sy, Elíhu moes later swyg want ’n storm was aan die opsteek waaruit God, die enigste wat hier uitsluitel kon gee, gespreek het.

“Die volgende vier hoofstukke bevat die grootste woorde van God op aarde - groots en kleurryk en van die geweldigste in die hele Skrif.

“Maar laat ons eerlik wees. Net so aangrypend mooi as wat hierdie woorde is, net so teleurstellend is dit. Die woorde van God teenoor Job klink vreemd. ’n Mens is geneig om te vra: Is dit regtig al wat God vir Job te sê gehad het? Wat het die haarfyn beskrywing van die tande en vel van ’n krokodil met Job se smart te doen gehad? Het God hom dieretuin toe geneem? Is dit wat God met ’n mens doen wat beproef is? Of het God hier met Job gespot?

“Alhoewel God die enigste Een is wat werklik teologies kan spreek, praat God nie hier teologies nie, maar kosmologies. Hy praat oor biologie en die grootheid van die skepping. Hy neem vir Job en vir ons op ’n reis deur die diereryk, wat Job se oë open en vir hom rus bring.

“Maar hoe het hierdie woorde vir Job rus gebring? Dit is wat ons vanmôre in oënskou wil neem.

“Job het rus gevind in God se woorde, heel eerste omdat God hom geantwoord het. Job het nie tevergeefs in die lug geroep nie. God het Hom verwerdig om met hierdie mensekind te praat. Dit het Job getroos en hom gemoedsrus gegee.

“Broers en Susters, die God van Job is ’n God wat praat. Hy antwoord altyd. God laat Job nie op die ashoop lê soos ’n stukkende bottel, of ’n reep nat koerantpapier nie. Nee, God maak weer van Job ’n mens vanuit sy beproewing. God kom by hom sit, hier op die ashoop, hier tussen die brokstukke van sy bestaan.

“Broers en Susters, nou moet ons nie die fout begaan en kla nie: Ja, as God ook maar net een keer met my wou praat. Dan vergeet ons wat God alles gedoen het, juis om met ons te praat!

“Broers en Susters, God het só ’n behoefte om met die mens te praat, dat Hy aan ons sy Woord gegee het en sy Woord vlees laat word het. Die mens is só belangrik vir God, dat Hy sy Woord lewend onder ons laat woon het, sodat Hy gedurig deur Jesus Christus met ons praat.

“As ons maar net wou luister na sy uitnodigings en liefde as Hy klop. In Jesus Christus sê Hy vir ons: Ek het jou nie vergeet nie. Ek het jou lief. Ek is by jou. Ons is vriende van God, familie van God.

“Daar is in God se woorde aan Job ’n tweede saak wat opval. God het nie die minste poging aangewend om Job se baie vrae te antwoord nie. ’n Mens sou dink dat God se troos aan Job daarin sou lê, dat Hy Job se probleme een vir een sou uitrafel en opklaar. Maar God het dit nie gedoen nie. God het in teendeel Self vrae gevra, sodat Job die bevraagde geword het: Waar was jy? Kan jy? Weet jy?

“Bowendien het God nog meer vraagstukke opgewerp en gesprek oor verborgenhede van die wyer heelal, waarvan Job geen begrip gehad het nie: oor die geheim van die see en sy golwe; die oorspang van lig en duisternis; die skatkamer van die sneeu; die weg van weerlig en die misterie van liggende sterre. Alles dinge wat aan God onderworpe is.

“Dan word dit duidelik wat God hiermee vir Job gesê het: Job, as jy nie eens my weg in die skepping kan peil nie, hoe sal jy my weg met jou as mens verstaan? Dié weg wat veel dieper as die see is, veel hoër as die sterre is, omdat jy as mens die kroon van God se skepping is. Maar ook dit Job: As die sterre nie uit my hande val nie en jy My met die ganse gewoel van die heelal kan vertrou, sal Ek jou as mens uit my hand laat glip? Moet jy My nie ook ten opsigte van jouself vertrou nie, al sit jy ook op ’n ashoop.

“Broers en Susters, het u opgelet? God het nie vir Job ’n oplossing vir sy probleme gebied nie. Dit is wat sy vriende wou doen.

“Nee, God het rus gebring. Rus! Al het Job nie die antwoord op sy vrae gekry nie, het hy besef dat God in beheer is, dat God aan sy kant was en dat God die antwoord op sy lewensvrae geken het. En dit het hom rus gegee.

“Broers en Susters, so maak God altyd weer. Só het Hy gemaak toe Hy na die wêreld gekom het. Hy het nie ’n oplossing vir ons probleme en ’n antwoord op ons lydensvrae gestuur nie. Nee, Hy het self in Jesus Christus na ons gekom en het onder ons in ons ellende

kom woon. Jesaja sê: 'Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra'. (Jes 53:4) Daarom roep Jesus uit: 'Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.' (Matt 11:28)

"As God vir Jesus Christus aan ons gegee het vir ons grootste probleem, naamlik die sonde, sal Hy ons dan nie ook verlos van al ons kleinere vraagstukke nie? Broers en Susters, daarom kan ons rus hê. 'Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?' (Rom 8: 31,32) Maar dan moet Jesus die Koning van my lewe wees en die Stuurman van my lewensboot.

"Die derde saak wat ons in hierdie antwoord van God opval, is 'n verrassing. Die Naam van God word in hoofstuk 38 plotseling weer 'Die HERE' as daar geskryf staan: 'Daarna het die HERE Job uit 'n storm geantwoord en gesê:' (Job 38:1)

"'HERE' is die eienaam van God, sy Verbondsnaam. Ons kan dit as God se Genadenaam beskou.

"Só het Job die HERE geken. Sy God was die HERE. Selfs toe hy alles verloor het, het hy drie maal gesê: 'Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!' (Job 1:21)

"Job se vriende daarenteen het alleen maar van 'God' geweet as die 'Almagtige' en die Een wat jy nie kan teëspreek nie. Hulle het nie die God van genade geken nie.

"Toe Job se vriende so onophoudelik van 'God' gepraat het en die handelswyse van die HERE vir Job al meer onverklaarbaar geword het, het die HERE naderhand vir hom na 'n Onbarmhartige en 'n Vyand begin lyk. Toe het Job ook van 'God' en van die 'Almagtige' begin praat.

"En nou kom die HERE na Job en verduidelik vir hom dat daar geen verskil is tussen sy almag en genade; sy soewereiniteit en sy liefde nie. God is die HERE en die HERE is God.

"As God dus beproewing oor die mens bring, mag die mens nog altyd weet dat Hy die HERE in sy genade is. Dit is die troosryke ontdekking wat Job gemaak het. Geen wonder dat hy verklaar het: 'Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.' (Job 42:5)

"Broers en Susters, dieselfde saak word in die Nuwe Testament nog heerliker aan ons getoon. As mens die

kruis van Jesus moet aanskou, soos die groepie vroue wat daar eenkant gestaan het, moet dit na die grootste wreedheid lyk dat God sy Seun so laat verbrysel het. God het nie ingegryp toe sy Seun sielsverlate uitgeroep het nie: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' (Matt 27:46)

"Eers daarna ontdek jy, dat dit alles deel was van die grootste genededaad van die HERE. God het as Almagtige en Regverdige sy eie Seun gestraf om aan ons genade te bewys.

"Broers en Susters, God is altyd genadig. Onse God is die HERE.

"[Let op dat Jesus Christus hier aan die kruis vir 'God' aangeroop het en nie 'HERE' of 'Vader' nie. God kon nie op daardie stadium Jesus Christus se 'Vader' wees nie, omdat Hy Jesus Christus totaal verlaat het as straf vir ons sondes, juis sodat ons 'HERE en Vader' ons genadig kan wees en ons nooit sal verlaat nie.]

"Die vierde fasset in God se spreke met Job is seker die belangrikste. Dit loop soos 'n goue draad deur God se Woord. Dit is die gedagte van onverdienstelikheid van skepsele.

"Broers en Susters, volgens ons is dit sinloos om iets aan te hou wat nie nuttig is nie. As 'n plant nie gebruik kan word nie, noem ons dit onkruid en skoffel dit uit. As ons die reën op die see en die woestyn sien val, wil ons weet hoekom God die kosbare druppels op die see of woestyn verspil, waar die mens nie kan ploeg of saai nie?

"Sien u, ons trek die hele skepping skeef met ons egosentriese opvatting dat óns die middelpunt daarvan moet wees en dat alles tot óns nut moet wees. Daarom vra die HERE hier: "Wie het 'n kanaal gesplyt vir die stortvloed en 'n pad vir die onweerstraal; om te laat reën op 'n land waar geen mens is nie, op 'n woestyn waar niemand woon nie'. (Job 38:25,26)

"Dit is die HERE wat dit doen!

"God plant die skoonste Edelweis op die hoogste bergspitse. God hou die pragtigste veelkleurige voëls in stand in oerwoude waar die mens nie kom nie. Hoofstuk 39 is vol voorbeelde daarvan. Die mens kan nie één van hierdie gediertes vir eie gewin gebruik nie. Tog bestaan hulle ook.

"En plotseling kom die tema van die boek Job weer na vore. Satan het beweer dat alle godsdienste beoefen word ter wille van die nuttigheid daarvan en die voordeel wat dit vir die mens bring. Volgens Satan het Job die HERE gedien omdat dit vir hom voordeel

ingehou het: 'Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. Maar strek net u hand uit en tas alles aan wat hy het - waarlik hy sal U in u aangesig seën!' (Job 1:9-11)

"Job het hierdie bewering met sy volgehoue geloof weerspreek.

"God het niks nodig en is aan niemand en aan niks iets verskuldig nie: 'Wie het eerste aan My gegee, dat Ek hom moet vergelde? Wat onder die ganse hemel is, is myne.' (Job 41:2) As God optree, dan is Hy geen mens wat vergeldend moet optree nie. God kan uit genade handel!

"Omdat Hy vry is, kan Hy dinge skep bloot omdat Hy wil, al sou dit geen voordeel vir die mens inhou nie. En as daar beproewing kom, is ook dit nie vergelding nie, maar genade.

"Toe dit tot Job deurgedring het, was hy oorstelp van vreugde. Toe eers het hy die HERE werklik geken: '... maar nou het my oog U gesien.' (Job 42:5) 'n Mens kan sê dat Job reeds in die Ou Testament die Evangelie verstaan het.

"Wat is die Evangelie? God verwys hier in sy Godspraak na die Evangelie, wat God in die volheid van die tyd volbring het toe Hy die mens regverdig gemaak het deur Jesus Christus se dood aan die kruis. God het die mens nie regverdig gemaak omdat hy dit verdien het nie. Nee, Broers en Susters, God het dit gratis en uit genade alleen gedoen. God skenk dit nie net aan die regverdiges nie, maar ook aan die goddelose. (Rom 4:5) Toe God sy Seun aan ons geskenk het, het Hy ook op die woestyn laat reën: '... maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.' (Rom 5:8)

"God doen dit alles omdat Hy vry is om te doen en omdat Hy dit wil doen: 'Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?' (Matt 20:15)

"Broers en Susters, God neem ons in sy uitverkiesende genade aan, nog voor ons kan bewys dat ons 'n goeie lewe sal lei en tot nut van God se koninkryk sal wees. (Rom 9:11 e.v.) En al sou ons dit nooit kon wees nie, kry God nooit berou oor sy genadegawe aan ons nie: 'Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.' (Rom 11:29)

"So 'n God kan 'n mens alleen maar aanbid soos Paulus: 'O, DIEPTE van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en

onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.’ (Rom 11:33-36)

“Paulus loof só die HERE, al moes hy die haglikste omstandighede en vervolging beleef en stry teen ’n doring is sy vlees. Netsó jubel Job, al sit hy op die ashoop. Dit kan elke mens nasê, al het jy nog ’n duisend vrae; al verkeer jy in die grootste beproewing.

Solank jy die Evangelie ken en weet dat God ook jou HERE is; en dat Hy ook vir jou gratis, sonder enige nut vir Hom, as sy kind aanvaar het, kan jy ook sing: ‘Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid.’

“Amen.”